


Die derde sendingreis



SABBATMIDDAG

Leesverwysings vir hierdie week se les:

Handelinge 18:24–28; Handelinge 19; Handelinge 20:7–12, 15–27; II Korinthiërs 4:8–14; Handelinge 21:1–15.

Geheeteks:

“Maar ek bekommer my glad nie en ek ag ook my lewe vir myself nie dierbaar nie, sodat ek met blydskap my loopbaan kan volbring en die bediening wat ek van die Here Jesus ontvang het, om kragtig te getuig vir die evangelie van die genade van God”

Lukas se verslag van Paulus se derde sendingreis begin ietwat plotseling. Die teksversers sê net dat nadat hy ‘n tyd lank in Antiochië, die hoofkantoor van sy sendingreise, vertoef het, het die apostel op nog ‘n reis vertrek en met sukses “die land Galásië en Frigië deurgereis en al die dissipels versterk” (Handelinge 18:23). En so word die eerste 1 500 myl van die reis in een sin beskryf. Die rede hiervoor is dat die fokuspunt van hierdie reis Éfese was waar Paulus meer tyd as in enige ander stad in die loop van sy sendingreise, deurgebring het. Vanaf ‘n evangeliese standpunt was die bediening in Éfese baie suksesvol; Paulus se prediking het die hele provinsie van Asië bereik (Handelinge 19:10, 26). Dit was heelwaarskynlik gedurende hierdie tyd dat die kerke van Kolosse, Hiërâpolis en Laodicéa, heelwaarskynlik deur Épâfras (Kolossense 4:12, 13), een van Paulus se medewerkers, tot stand gekom het (Kolossense 1:7, Filémon 23).

Dit is opvallend dat dit die laaste reis van Paulus as ‘n vryman was wat in Handelinge opgeteken was. Lukas beskryf nog ‘n ander reis, die een na Rome met Paulus as ‘n gevangene.

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 8 September.*

Éfese: Deel I

Handelinge 18:24–28 vermeld dat terwyl Paulus nog op pad na Éfese was, ‘n Joodse gelowige met die naam van Apollos daar aangekom het. Hy was ‘n welsprekende man wat die Skrif baie goed geken het. Dat Apollos ‘n volgeling van Jesus was, is duidelik uit die wyse waarop Lukas hom beskryf: “Hy het onderrig ontvang in die weg van die Here; en vurig van gees, het hy gespreek en die dinge aangaande die Here noukeurig geleer ...” (Handelinge 18:25). Maar, hy het net van die doop van Johannes geweet. Nadat hy deur Johannes die Doper gedoop was en bewus van Jesus se lewe op aarde geraak het, het hy moontlik voor die Pinkstergebeure weggetrek van die gebied, heelwaarskynlik terug na Alexandrië. Dit verduidelik hoekom Aquila en Priscilla hom verder ingelig het. Alhoewel hy in staat was om uit die Skrif te bewys dat Jesus die Messias van Israel was (Handelinge 18:28), was dit nodig om hom oor die ontwikkeling van die Christendom na Jesus se bediening, in te lig. Aquila en Priscilla het egter nog meer vir Apollos gedoen: saam met die ander gelowiges in Éfese het hulle hom ‘n aanbevelingsbrief vir die kerke in Acháje gegee (Handelinge 18:27), wat hom in staat gestel het om nuttige diens in Korinthe te lewer (I Korinthiërs 3:4–6, 4:6, 16:12).

Lees Handelinge 19:1–7. Wat het met Paulus gebeur toe hy in Éfese aangekom het?

Apollos se verhaal word aan die verslag van die twaalf manne gekoppel wat Paulus in Éfese aangetref het toe hy daar gearriveer het, want sy situasie het baie met hulle s’n ooreengestem. Die beskrywing van hulle as “dissipels” (Handelinge 19:1), en Paulus se vraag aan hulle (Handelinge 19:2), dui duidelik aan dat hulle alreeds in Jesus geglo het. Terselfdertyd toon hulle antwoord aan Paulus dat, soos met Apollos die geval was, hulle ook voorheen dissipels van Johannes die Doper was wat volgelingen van Jesus geword het sonder dat hulle die Pinkstergebeure meegemaak het. Hulle het ‘n geleentheid nodig gehad om ‘n dieper ondervinding met die Here te kon geniet. “Toe Paulus in Éfese aankom, vind hy daar twaalf broeders wat soos Apollos dissipels van Johannes die Doper was en soos hy ‘n kennis van die sending van Christus opgedoen het. Hulle het nie die bekwaamheid van Apollos gehad nie, maar met dieselfde erns en geloof het hulle getrag om die kennis wat hulle ontvang het, te verbrei.” —Ellen G. White, *Die Handelinge van die Apostels*, bl. 282. Ons moet hulle nuwe doop in die lig van hierdie unieke situasie sien. Hulle was nie van ‘n ander Christelike denominasie afkomstig nie, en nog minder het hulle ‘n bekeringsondervinding gehad. Hulle was maar net in die hoofstroom van die Christendom opgeneem. Die feit dat hulle die Gees ontvang het en in tale gepraat het, beteken waarskynlik dat hulle, soos Apollos, Christensendinge was wat nou ten volle bemaagtig was om van Jesus te getuig waar hulle ook al gegaan het.

Éfese: Deel II

In Éfese het Paulus oudergewoonte eerste in die sinagoge gaan preek. Toe hy teenstand ondervind het, het hy en die nuwe gelowiges na die lesingsaal van 'n sekere Tiránnus gegaan waar Paulus vir twee jaar lank elke dag gepreek het (Handelinge 19:8–10). Lukas se opsomming van Paulus se bediening in Éfese is dat die hele provinsie deeglik geëvangelseer was (Handelinge 19:10, 26). In Handelinge 19:11–20, voeg Lukas 'n paar verhale oor wonderwerke by wat die triomf van God se krag in 'n stad waar towerkuns en bygelowige praktyke aan die orde van die dag was, beskryf. Daar is geen twyfel dat God deur Paulus gesond kon maak nie, maar dat wanneer hy selfs sakdoeke en voorskote aangeraak het, gesondmaking plaasgevind het (Handelinge 19:12), dit miskien vreemd vir sommige mag klink, alhoewel dit ooreengekom het met Jesus se gesondmaking van die vrou wat aan bloedvloeiing gely het (Lukas 8:44). Die bygelowigheid in Éfese het daartoe gelei dat God “buitengewone kragte” deur Paulus laat plaasvind het, soos wat Lukas dit beskryf (Handelinge 19:11). Hierdie is heelwaarskynlik 'n voorbeeld van hoe God mense se behoeftes op hulle begripvlak, tegemoetkom. Omdat hy tevrede met sy sending in Éfese was, het Paulus besluit om na Jerusalem te gaan (Handelinge 19:21). Lukas gee nie 'n rede vir hierdie reis nie, maar ons weet uit Paulus se eie geskrifte dat hy graag die fondse wat hy bymekaar gemaak het om die armoede van die kerk in Jerusalem te verlig, self wou aflewer (Romeine 15:25–27, I Korinthiërs 16:1–3). Die saambring van besittings gedurende die vroeë jare van die kerk, en 'n groot droogte tydens Claudius se regering, het die Judese gelowiges verarm, en Paulus het in hulle versoek vir hulp (Galásiërs 2:10) 'n geleentheid raakgesien om beide hulle vertroue in sy apostelskap en die eenheid van 'n nou multikulterele kerk te versterk, ten spyte daarvan dat hy van die risikos geweet het wat hy homself aan sou blootstel (Handelinge 20:22, 23; Romeine 15:31).

Lees Handelinge 19:23–41. Wat was die werklike rede vir die teenstand wat Paulus in Éfese ondervind het aan die einde van sy verblyf daar?

Die opposisie was by afgodsaanbidding betrokke, en Paulus se bediening het hierdie soort aanbidding erg bedreig. Dit was duidelik dat Demétrius se werklike motivering was om finansiële voordeel te trek, maar hy het daarin geslaag om dit in 'n godsdienstige saak te verander omdat die tempel van Diana, een van die sewe wonders van die antieke wêreld, in Éfese geleë was.

Lees Handelinge 19:27. Let op hoe slinks Demétrius daarin geslaag het om godsdienstige “vroomheid” te gebruik in sy poging om die geld te laat aanhou instroom. Hoekom moet ons as Christene versigtig wees om nie ons geloof, of 'n valse vroomheid met betrekking tot ons geloof, op dieselfde wyse te gebruik nie?

Troas

Na die oproer (Handelinge 19:23–41), het Paulus besluit om Éfese te verlaat. Maar hy het 'n uitgebreide ompad deur Macedónië en Acháje geneem in plaas daarvan om reguit na Jerusalem te gaan (Handelinge 20:1–3). Saam met hom op hierdie reis was verteenwoordigers van sommige van die kerke van die heidense gelowiges (Handelinge 20:4).

Lees Handelinge 20:7–12. Wat is met die algemene argument verkeerd dat hierdie verse bewys dat die Sabbat na Sondag verander was?

Paulus se oornagstop in Troas het daartoe gelei dat 'n kerkvergadering “op die eerste dag van die week” gehou was (Handelinge 20:7). Hulle het saamgekom “om brood te breek”, wat heelwaarskynlik na die Avondmaal met of sonder die gemeenskaplike maaltyd wat dikwels daarmee saam gehou was vanaf die vroegste tye van die kerk in Jerusalem, verwys (Handelinge 2:42, 46). Die feit dat daar niks genoem word van 'n beker of enige gebede, sluit nie hierdie moontlikheid uit nie. Die punt is egter dat hierdie episode dikwels genoem word as 'n bewys dat die kerke van die heidense gelowiges ten minste al in Paulus se tyd die Sabbat met Sondag vervang het as die aanbiddingsdag. Maar, voordat so 'n aanname gemaak word, is dit nodig om die presiese dag vas te stel waarop die vergadering plaasgevind het, asook waarom die vergadering gegaan het. Die verwysing na die baie lampe (Handelinge 20:8), saam met die feit dat Paulus se boodskap tot middernag (Handelinge 20:7) en toe tot dagbreek (Handelinge 20:11) aangehou het, en om nie eers die diep slaap van Eútichus te noem nie (Handelinge 20:9), bewys dat dit 'n nagtelike vergadering was. Die vraag is dan, was dit die nag voor Sondag of die nag daarna. Die antwoord hang van die tydsberekenningsstelsel wat Lukas gebruik het af, of dit die Joodse stelsel van sonder tot sonder, of die Romeinse stelsel van middernag tot middernag, was. Indien dit eersgenoemde was, dan was dit Saterdag; indien dit laasgenoemde was, was dit Sondag. In albei gevalle dui die konteks van Handelinge 20:7–12 aan dat selfs indien die vergadering Sondag gehou was, dit nie 'n gereelde kerkvergadering was nie, maar 'n spesiale een omdat Paulus die volgende oggend moes vertrek. Dit is moeilik om dan te sien hoe hierdie geïsoleerde en buitengewone episode Sondagonderhouding kan bevestig. Feit is, dit bevestig dit nie.

Dink meer na oor al die redes vir die geldigheid van sewendedag-Sabbatonderhouding. Hoe help die kragtige Bybelse bewys van die Sabbat om ons identiteit as Sewendedag-Adventiste Christene en die roeping wat aan ons gegee is om die drie-engele boodskappe aan die wêreld te verkondig, te bevestig?

Miléte

Op pad na Jerusalem het Paulus by 'n nuwe plek gestop, hierdie keer by Miléte, waar hy die geleentheid gehad het om sy afskeidsboodskap aan die kerkleiers van Éfese te gee.

Lees Handeling 20:15–27. Wat was Paulus se inleidingsboodskap van sy toespraak?

Aangesien hy alreeds planne in plek gehad het vir 'n nuwe sendingreis wat Rome en Spanje ingesluit het (Romeine 15:22–29), het Paulus geglo dat hy nooit weer na Asië sou terugkeer nie. Daarom het hy sy toespraak met 'n terugblik oor die jare wat hy in Éfese deurgebring het, begin. So 'n verslag was egter nie net bedoel om na sy lewenstyl in Éfese in die verlede te verwys nie, maar om ook na die toekoms te verwys, want hy het gevrees vir wat met hom in Jerusalem kon gebeur. Paulus se vrees was nie ongegrond nie. Die kerk in Jerusalem was nogal skepties teenoor hom, amper vyandiggesind, en dit weens sy verlede as vervolger en ook oor die evangelie wat hy gepreek het wat geen besnydenis vereis het nie (Handeling 21:20–26). Wat die Joodse outoriteite betref het, was hy niks anders as 'n verraaiër en 'n afvallige van hulle godsdienstige tradisies nie (Handeling 23:1, 2). Teen die middel van die eerste eeu was Judéa veral, weens Romeinse wanbestuur, vasgevang in revolusionêre en nasionalistiese ideale. Hiedie atmosfeer het al die segmente van die Joodse gemeenskap beïnvloed wat heelwaarskynlik ook die kerk ingesluit het. In hierdie onderlinge verband moes die aktiwiteite van 'n eertydse Fariseër nogal as ongunstig voorgekom het (Handeling 21:27–36). Paulus het ook ander besorgdhede gehad. In Handeling 20:28–31 het hy gefokus op hoe die kerkleiers in Éfese valse leraars wat hy met wrede wolwe vergelyk het, moes hanteer, want hulle sou probeer om die kudde te mislei en afvallig te maak. Dus, in die kerk self, en ook in die vroegste tye van die kerk, was die gevaar van valse leraars 'n werklikheid. Soos Salomo gedurende 'n ander tyd en in 'n ander konteks gesê het: "... daar is glád niks nuuts onder die son nie" (Prediker 1:9). Die geskiedenis van die Christelike kerk openbaar die ongelooflike skade wat valse onderwysers aan die kerk veroorsaak het. Hierdie probleem sal tot die einde toe bestaan (II Timóteüs 4:3). Daar is geen twyfel nie, Paulus het baie gehad om oor te dink, baie besorgdhede; en tog het sy getrouheid en sy ywer nooit gewankel nie.

Lees II Korinthiërs 4:8–14. Wat sê Paulus hier wat ons op onself moet toepas, veral wanneer beproewinge oor ons kom? Waarop plaas Paulus sy uiterste hoop?

Tirus en Cesaréa

Na Miléte het Lukas Paulus se reis in detail verhaal. Nog op pad na Jerusalem het die apostel 'n week in Tirus wat langs die Feniciëse kus geleë is, aangekom, en 'n week daar deurgebring terwyl die skip se vrag afgelaai was (Handelinge 21:1–6). Terwyl hy daar was, het die gelowiges by hom aangedring om nie na Jerusalem toe te gaan nie. Omdat die gelowiges deur die Gees hom gewaarsku het om nie na Jerusalem te gaan nie, was dit nie noodwendig in teenstelling met Paulus se vroeëre leiding wat hy ontvang het nie. Die Griekse frase *etheto en tō pneumatī* in Handeling 19:21 moet waarskynlik as “deur die Gees voorgeneem het” gesien word, liever as ‘n besluit wat Paulus self gemaak het. Die punt is dat die Gees die gevare wat op Paulus gewag het aan die Christene in Tirus getoon het; en daarom, omdat hulle besorgd was, het hulle aanbeveel dat hy nie met sy besluit moes voortgaan nie. Paulus was self nie seker oor wat met hom in Jerusalem sou gebeur nie (Handeling 20:22, 23). Goddelike leiding toon nie altyd alles wat gaan gebeur nie, selfs nie aan iemand soos Paulus nie.

Lees Handeling 21:10–14. Watter spesiale insident het met betrekking tot Paulus se reis na Jerusalem in Cesaréa plaasgevind?

Ágabus was 'n profeet wat afkomstig van Jerusalem was, en word vroeër in Handeling 11:27-30 genoem met betrekking tot die voorspelling van die droogte episode. Soos met sommige van die Ou Testamentiese profesieë die geval was (bv. Jesaja 20:1–6, Jeremia 13:1–10), het hy sy boodskap dramaties gedemonstreer; die doel daarvan was om duidelik uit te beeld wat met Paulus sou gebeur wanneer hy in Jerusalem sou aankom, en hoe sy vyande hom aan die heidene (die Romeine) sou oorlewer. Diegene wat saam met Paulus was, het Ágabus se boodskap as 'n waarskuwing gesien en nie as 'n profesie nie, en daarom het hulle hard probeer om Paulus oor te haal om nie na Jerusalem te gaan nie. Al was hy diep geraak deur hulle hartstogtelike reaksie, was hy vas van plan om sy sending te voltooi, selfs ten koste van sy lewe. Vir hom was die integriteit van die evangelie en die eenheid van die kerk van meer belang as sy persoonlike veiligheid of belange. “Nog nooit tevore het die apostel Jerusalem met so 'n beswaarde gemoed genader nie. Hy het geweet dat hy min vriende en baie vyande daar sou aantref. Hy het die stad genader wat die Seun van God verwerp het en waaroor die bedreiging van die gramskap van God gehang het....” — Ellen G. White, *Die Handeling van die Apostels*, bl. 313-314.

Alhoewel hy verkeerd verstaan was, beskinder en mishandel en dikwels uitgeskel was, het Paulus nietemin in geloof voortgebeur. Hoe kan ons leer om dieselfde in ontmoedigende omstandighede te doen?

Vir verdere studie:

“Sy welslae met die verkondiging van die evangelie het die Jode opnuut kwaad gemaak. Van alle kante was daar berigte oor die verspreiding van die nuwe leer wat die Jode vrygestel het van die viering van die rites van die seremoniële wet en waardeur heidene dieselfde voorregte as die Jode kon hê om kinders van Abraham te wees. . . Sy duidelike verklaring dat daar ...nie Griek en Jood, besnedene en onbesnedene,” (Kolossense 3:11) is nie, is deur sy vyande as vermeteले laster beskou, en hulle het besluit dat sy stem die swye opgelê moes word.” — Ellen G. White, *Die Handeling van die Apostels*, bl. 307-308. “En hy kon nie eens op die medelyde en ondersteuning van sy eie broeders in die geloof reken nie. Die onbekeerde Jode wat so kort op sy hakke gevolg het, het nie op hulle laat wag om mondelings en skriftelik die ongunstigste gerugte aangaande hom en sy werk in Jerusalem te versprei nie; en sommige, selfs van die apostels en die ouderlinge, het hierdie gerugte as waarheid ontvang en geen poging aangewend om dit te weerspreek en geen begeerte gehad om met hom in ooreenstemming te kom nie.” — bl.314.

Vrae vir bespreking:

1. Die twaalf dissipels wat Paulus in Éfese teëgekóm het, was voorheen volgelinge van Johannes die Doper en wat toe ook volgelinge van Jesus geword het (Handelinge 19:1–7). Hoekom dink jy is dit korrek om hierdie Skrifgedeelte te gebruik as ‘n vereiste vir Christene van ander denominasies wat by die Adventiste kerk wil aansluit, om weer gedoop te word al was hulle reeds deur onderdompeling gedoop? Is daar enige betekenis in die feit dat Apollos nie weer gedoop was nie?
2. Dink na oor Paulus se situasie. Hy was deur sy eie land se mense wat nie in Jesus geglo het nie, verwerp. Selfs die Jode wat in Jesus geglo het, het Paulus met groot suspisie bejeën, hom selfs nie vertrou nie, want hulle het gedink hy is besig om die “bakens” van die Joodse wette af te breek. Baie van die heidene het die evangelie wat hy verkondig het, gehaat. En tog, hoekom het Paulus voortgegaan ten spyte van al hierdie opposisie? Alhoewel ons nie Paulus is nie, wat uit sy verhaal kan ons op onself toepas?
3. Dink na oor sommige van die ander argumente wat mense gebruik om te probeer bewys dat die Sabbat na Sondag verander was, of dat die Sabbat nie meer langer bindend is nie. Hoe beantwoord ons hierdie argument om aan te toon dat gehoorsaamheid aan die Sabbat net so min wetties is as om die ander nege gebooe te hou nie; dit is, as ons deur geloof met begrip van ons enigste hoop op verlossing, gehoorsaam?